Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:
Ds. HSW Strauss
redakteur@apk.co.za

23 Mei 2019

**OMSENDBRIEF 5/2019**

## RINGSGEGEWENS: KERKJAARBOEK 2020

**AAN ALLE RINGSKRIBAS**

Geagte Skriba

Teen hierdie tyd het ringe weer gekonstitueer en ons vra u dringende samewerking om die jongste gegewens aan die Publikasiekommissie te besorg deur die aangehegte vorm te voltooi. Die inligting is noodsaaklik vir skakeling tussen gemeentes en ringe onderling. Raadpleeg asseblief ook *Handelinge 2010*, bl. 252 pt. 5.1.25.

U sal merk dat daar onderaan die vorm ’n blokkie aangebring is waarin skribas duidelik moet aandui dat hulle alle betrokke persone wie se inligting deur hulle deurgegee word, se toestemming het vir die plasing van hierdie inligting in *Die Kerkjaarboek* en op die amptelike webwerf. Sodoende stel ons nie die kerkverband of plaaslike kerke bloot aan die oortreding van die wet op persoonlike inligting nie.

Indien die blokkie gemerk is, aanvaar ons dat die nodige skriftelike toestemming deur die persoon verantwoordelik vir die invul van die vorms, by die betrokke persone wie se inligting deurgegee word, gekry is. Indien die blokkie nie gemerk is nie, kan ons slegs die heel basiese inligting van u ring publiseer en kan dit kommunikasie bemoeilik.

**SPERDATUM: (die ontvangs van u voltooide vorm): 14 JUNIE 2019.**

E-pos: elsabe.venter@apk.co.za

Posadres:
Die Publikasiekommissie: *Kerkjaarboek 2020*
Posbus 25139
Monumentpark
0105

Baie dankie dat u onverwyld hieraan aandag gee.

Seënwense en groete



**Ds. HSW Strauss**
**Afdelingshoof: Publikasies**



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 📠 (012) 362-2023